



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## **TORAH (WET) EN GENADE**

### **LES 11 (Deel 3): TORAH, TRADISIE EN SKRIFVERKLARINGS**

#### **INLEIDING**

1. In Deel 1 van Les 11 het ons die misleiding van wettiesheid wat in die tyd van Yeshua se eerste koms bestaan het, bespreek. Ons het gesien dat wetsverering (wettiesheid, *legalism*) uit 'n geloofsoogpunt die verheffing van die wet bo die genade van YHVH is. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het Torah bokant YHVH verhef en geglo dat hulle deur onderhouding van die wet geregverdig word. Hulle het dus geglo dat gehoorsaamheid aan die wet (Torah), en nie geloof in die genade van YHVH nie, die voorkeur beginsel van redding was.
2. In Deel 2 van Les 11 is die siening van die kerk dat die wet as 'n las van die ou verbond beskou word, bespreek. Hierdie siening het gelei tot die skeiding tussen die Ou Verbond van die Wet en die Nuwe Verbond van Genade tot die mate dat dit as teengesteldes beskou word. Die oorsprong hiervan is omrede geglo word dat die genade van YHVH in Messias ons vrygemaak het van die wet. Die wet word dus as ou testamenties, uitgedien en as vervul beskou.
3. Ons het egter gesien dat beide die Ou- en die Nuwe Verbond die wet (Torah) as goed, heilig, regverdig, volmaak, 'n verkwikking vir die siel en as wysheid beskou. Ons kan egter nie deur Torah sondevergifnis, geregtigheid of krag ontvang nie. Alleenlik die genade van YHVH deur geloof in Messias maak hiervoor voorsiening. Torah leer ons egter hoe om in die regte verhouding met YHVH te leef en Sy seëninge deelagtig te kan wees nadat ons deur geloof in Yeshua Messias regverdig verklaar is.
4. Die wet, naamlik Torah, wat al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid is, is nie opgehef nie. Dit is steeds van toepassing op die gelowige in Messias. Hierdie aspek is in vorige lesse van hierdie studie bespreek en

word deur bogenoemde bevestig. Daarom is dit slegs nodig om ons weer te herinner aan die inhoud van Matt. 5:17 tot 18 en Rom. 3:31.

*Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê, want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.'* (PWL Vertaling)

*Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertrou? 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, ons bevestig die wet.* (PWL Vertaling)

5. Die siening van die meerderheid in die kerk dat ons vry van die wet en onder die genade is, is weens 'n verkeerde begrip van die doel van Torah en van YHWH se reddings- en voorsieningsplan vir die mens. In Deel 2 van Les 11 is daar dan begin om die Skrifgedeeltes wat verkeerdelik gebruik word om die siening dat die gelowige vry van die wet is, te ondersoek en die korrekte betekenis daaraan te gee. In Deel 3 sal enkele Skrifgedeeltes in Paulus se brief aan die Galasiërs ondersoek word.

## **DIE BRIEF AAN DIE GALASIËRS**

### **Agtergrond:**

1. Die brief van Paulus aan die Galasiërs word veral gebruik as bewys dat Paulus die gelowiges in Messias geleer het dat die wet (Torah) nie meer op hulle van toepassing is nie (uitgedien, opgehef, vervul is). Die kerk leer gelowiges dat volgens hierdie brief was Paulus 'anti-Torah'. Ons sal egter sien dat Paulus nie teen Torah gekant was nie, maar wel gekant was teen sekere valse leringe wat ingesluip het en verwarring veroorsaak het.
2. Daarom skryf Paulus reeds vroeg in sy brief dat hy verstom is dat die Galasiërs so gou afvallig geword het weens mense wat hulle in die war bring deur die evangelie van Yeshua Messias te verdraai (Gal. 1:6 en 7).
3. Die vraag wat dus beantwoord moet word, is die volgende: Wat het Paulus in sy brief aangespreek? Wat was die twispunt (probleem, kwessie, strydvraag) en die verwarring. Wat was die rede vir Paulus se skrywe? Hierdie antwoord sal vir ons duidelikheid gee of Paulus 'anti-Torah' of 'pro-Torah' was.
4. Die probleem met die brief aan die Galasiërs is dat Paulus die antwoord (teregwysing) op die twispunt gee, maar nie die twispunt en verwarring duidelik beskryf nie. Hy gaan van die veronderstelling uit dat almal hiervan bewus is. Die rede is dat hierdie kwessie ook elders kop uitgesteek het en daarom word dit ondermeer ook aangespreek in Handeling 15 (hoofstuk 15) en die brief aan die Romeine, veral hoofstukke 4

en 5 wat handel oor geregtigheid deur geloof. Dit is daarom belangrik dat Romeine en Galasiërs saam gelees word (Onthou dat die boek van Romeine na Galasiërs geskryf was en daarom brei Paulus in die brief aan die Romeine uit ten opsigte van dit wat hy in die brief aan die Galasiërs slegs noem).

5. Deur die brief aan die Galasiërs in sy geheel te lees, tesame met die geskiedkundige agtergrond, is dit egter duidelik wat die probleem was. Na Paulus se suksesvolle sendingreis na Galasië het sekere Judaïseers (Fariseërs wat gelowig geword het en sommige Joodse Christene) onwaarhede aangaande Paulus, en dit wat hy geleer het, vertel. Hulle het beweer dat hy nie 'n ware apostel is nie en dat hy die boodskap van die evangelie meer aantreklik vir die nie-Jode probeer maak het deur doelbewus sekere wetlike vereistes van die evangelie te verwyder.
6. Daarom handel die eerste gedeelte van sy brief om hierdie onwaarhede te weerlê. In sy brief kom dit wat Paulus hulle geleer het ook duidelik na vore. Ons moet dus verstaan wat het Paulus hulle geleer en dan in die lig daarvan sekere stellings wat Paulus gemaak het, evalueer en verklaar. Sonder om dit te doen, is die kans goed om 'n verkeerde verklaring aan Paulus se uitlatings te gee.
7. Dit is duidelik dat veral die besnydenis ter sprake was (Gal 2:1 – wat na Hand. 15 verwys). Sommige Fariseërs (Judaïseers) het verkondig dat die gelowiges in Messias hulle moet laat besny en die wet van Moses, **soos deur hulle gedefinieer was**, moet onderhou. Hulle wou dus hê dat die gelowige nie-Jode ('gentiles') Jode moet word deur hulle te laat besny en die wet volgens hulle vereistes (naamlik deur wetsverering) moet hou. Volgens hierdie Fariseërs was dit die wyse om gered te word.
8. Dit is dus duidelik dat dieselfde misleiding onder die gelowiges in Galasië aan die orde was as wat in Handeling 15 beskryf word. Sekere persone vanaf Judea het gekom en die gelowiges geleer dat hulle besny moet word, asook dat die wet onderhou moet word **anders kan hulle nie gered word nie** (Hand. 15:1 en 5). Die antwoord van die apostels hierop was dat die mens alleen deur geloof gered word (Hand. 15:7 tot 10). In die verband is dit belangrik om daarop te let dat in die brief wat aan die gemeente in Antiochië gerig was daar **nie gesê word dat die gelowiges nie Torah hoef te onderhou nie**. Inteendeel, hulle word daaraan herinner (vanweë hulle heidense en afgodery agtergrond) om hulle te weerhou van afgodsoffers, die drink van bloed en van dit wat verwurg is (wat nie kosher is nie), asook van hoerery (wat deel van afgodery was). Dit is belangrik om te beweer dat hulle slegs opdrag gegee is dat hierdie drie dinge al is wat hulle moet onderhou. Mag die gelowiges van Antiochië dus steel, moor, egbreek, nie die shabbat eerbiedig nie, ensovoorts? Nee, hulle moes steeds volgens Torah leef! Torah kon hulle egter nie red nie!

Let op vers 21 wat duidelik sê dat dit wat Torah verder behels, word elke shabbat in die sinagoge gelees. Dit is die plek waar gelowige nie-Jode lering aangaande Torah sal ontvang.

### **Redding deur geloof of redding deur werke van die wet:**

1. Die sleutelvers van die brief aan die Galasiërs is Gal. 2:20.

*Ek is saam met Die Gesalfde Een gekruisig en van toe af aan is dit nie meer ék wat self leef nie, maar Die Gesalfde Een leef in my. Die lewe wat ek nou in die menslike natuur leef, leef ek in die natuur van die Seun van God, wat my liefgehad het en Sy lewe vir my gegee het. Rom 6:1-8:13 (PWL Vertaling)*

2. Hierdie gee die opsomming van wat die twispunt was en wat Paulus aan hulle probeer uitwys as hulle misleiding, naamlik dat hulle nie meer glo dat hulle deur geloof alleen geregverdig word nie. Met ander woorde hulle het nie meer geglo dat 'n mens slegs gered word deur geloof in die versoening met YHVH deur die kruisdood van Messias nie. Soos die Fariseërs het hulle verkeerdelik geglo dat redding deur die werke van die wet bewerkstellig word en nie meer op grond van genade alleen nie. Hulle het wel aan die begin (na Paulus se eerste sendingreis) geglo dat redding slegs deur genade op grond van geloof is, maar was nou van 'n ander sienswyse weens die invloed van die dwaling van die Judaïseers. Hulle het teruggekeer tot die ou probleem van wetsverering.
3. Die twispunt is dus die leerstelling van redding deur geloof, naamlik genade versus die leerstelling van redding deur die werke van die wet, naamlik op grond van moets en moenies wetsvereing. Dit is wat Paulus in sy brief aanspreek en hulle op tereg wys. Diegene wat glo dat redding op grond van dae van moets en moenies is, het die genade verwerp (Gal. 5:4).
4. Die kerk het in die eerste eeue na Messias volhard in hierdie dwaling. Hierdie dwaling van redding deur werke was juis die rede vir die hervorming wat onder die leiding van Martin Luther begin is. Dit was hierdie 'herontdekking' in die brief aan die Galasiërs wat die begin van die hervorming was. Skrifkommentare is dit eens dat Galasiërs 'n verweerskrif is wat redding deur geloof bevestig soos Paulus dit duidelik in Gal. 2:16 stel.
5. Paulus stel dit baie duidelik dat nie-Jode hulle nie hoef te besny nie (Gal. 2:3). Verder weet ons dat ook van Cornelius nie vereis was om hom te laat besny nie (Verwys Handeling hoofstuk 10).

6. Dan stel Paulus dit duidelik dat geen mens geregverdig word uit die **werke** van die wet nie (Gal. 2:16). Hierdie **werke** is die wetsverering, naamlik dat Yeshua (genade) ondergeskik is aan die wet (Torah) en dat redding gevolglik deur **werke** (dit wat jy met moeite verrig, die arbeid wat jy verrig) verkry word. Die werke van die wet (*works of law*) is die moets en die moenies van die wet, naamlik sekere standaarde en vereistes waaraan voldoen moet word om geregverdig verklaar te word. Die **werke** verwys **nie** na Torah as die onderrig, instruksies en wysheid **nie**. Dit verwys na dit wat jy met moeite moet doen en voor beloon moet word. Daarom verwys Paulus na die *ingesmokkelde valse broeders* wat hulle weer in diensbaarheid (bondage) wou bring (Gal. 2:4). `n Torah leefwyse (die onderhouding van Torah) is nie moeitevolle arbeid nie, maar is dit wat jy uit liefde en met vreugde doen want dit bring seëninge.
7. Paulus stel dit dus duidelik dat Yeshua belangriker as die wet is. Inteendeel hy verklaar in Fil. 3:8 dat hy alles prysgegee het en as drek beskou om Yeshua as wins te verkry. Geloof geniet voorrang bo die wet. Eers geloof in Yeshua tot redding en dan Torah-gehoorsaamheid tot seëninge.
8. Die wet vereis ook die dood van die skuldige en almal is skuldig (Rom. 3:23). Daarom sê Paulus dat hy deur die wet vir die wet dood is om vir YHVH te leef. Hy is vir die wet dood omrede hy saam met Yeshua gekruisig is (Rom. 6:4 tot 8) – *As ons dan saam met Yeshua gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe* (vers 8). Hy is dus dood vir die sonde en daarom kan die wet hom nie meer veroordeel en vonnis nie. Yeshua het die prys betaal. Dit is juis dit wat Paulus in Gal. 2:20 bevestig.
9. Dit is belangrik om die volgende te onthou: Wie jy in Yeshua Messias is, naamlik jou identiteit, word nie bepaal deur sekere godsdienstige handeling (rituele, werke) nie, maar alleenlik deur geloof in Messias. Jy kan ook slegs YHVH Yeshua deur geloof ken, en nie deur werke van die wet nie. Deur werke van die wet word jy godsdienstig; deur geloof word jy geregverdig en deur Torah leef jy die lewe van `n geregverdigde wat Vader-God se seëninge (die seëninge van Abraham) deelagtig word. Deur werke verwag die mens beloning, maar deur geloof weet die mens dit alles genade is – onverdiende guns.
10. Die goeie werke wat ons as geregverdigdes in Yeshua wel moet doen, is die werke van Torah wat die bevestiging van ons geloof is. Hierdie werke is die gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies sonder enige mensgemaakte wette wat bygevoeg of weggelaat word. Daarom skryf Jakobus dat geloof sonder die werke, naamlik gehoorsaamheid aan Torah, nuttelose geloof is (Jak. 2:14 tot 26).

11. YHVH se geregtigheid is eers geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias wat dan gevolg word deur gehoorsaamheid aan Torah.

### **Die wet red nie, maar dit lei na Yeshua:**

1. In die derde hoofstuk van Galasiërs gaan Paulus voort om te verduidelik dat niemand deur die werke van die wet gered word nie. Hy beklemtoon dit deur die vraag: *Het julle die Afgesonderde (Heilige) Gees ontvang deur die werke van die wet of deur die geloof ?* (Gal. 3:2 tot 5). Die Heilige Gees kan slegs deur geloof ontvang word en nie deur die werke van die wet nie.
2. Paulus wys dan die Galasiërs daarop dat hulle net soos Abraham geglo het en regverdig verklaar is en dat diegene wat uit die geloof is die kinders van Abraham is (Gal. 3:6 en 7). Abraham was regverdig verklaar toe hy nie besny was nie. Dit gaan dus oor geloof en nie oor die werke van die wet nie. As kinders van Abraham moet ons die werke van Abraham doen (Joh. 8:39) en dit is om te glo, soos Abraham ook geglo het, in Yeshua Messias. Die belofte van die Messias is aan Abraham gegee en hy het dit geglo. Nou is ons wat glo die ontvangers van hierdie belofte (Gal. 3:8; Gen. 12:3).
3. In Gal. 3:10 maak Paulus 'n uitlating wat deur teenstanders van Torah graag as bewys gebruik word dat die wet uitgedien (tot niet verklaar en vervul is).

*Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*

4. Hierdie is presies die woorde volgens Deut. 27:26 en behels dit wat Torah leer, naamlik: Indien jy aan Torah gehoorsaam is, sal jy in die regte verhouding met YHVH leef en geseën word, maar indien jy ongehoorsaam aan Torah is, naamlik sondig, sal jy die vloeke deelagtig word.
5. In Gal. 3:11 bevestig Paulus egter dat geen mens daarop kan roem dat hy in alles aan die wet gehoorsaam is. Daarom sy woorde: *En dat niemand deur die wet by God regeverdig word nie, is duidelik.* Dan beklemtoon hy 'n baie belangrike waarheid: *want die regverdige sal uit die geloof lewe.* Die regverdige glo YHVH se Woord en Sy beloftes vir sy redding en nie in die werke (die moets en die moenies) van die wet nie. Die wet is **nie** die fokus van ons geloof nie, maar wel Yeshua (Gal. 3:12). Die mens wat

deur geloof in die vergifnis deur Yeshua Torah egter nougeset toepas, sal daardeur 'n geseënde (welgeluksalige) lewe hê (Verwys Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:8). Deur geloof in Messias en met die hulp van die Heilige Gees kan elkeen nougeset volgens Torah leef.

6. Dit is nie Torah wat aan die kruishout as gespyker was nie, maar wel die skuldbrief van oortreding van Torah (Kol. 2:14). Dit is nie die wet (Torah) wat opgehef is nie, maar wel die aanklag van oortreding van Torah!!
7. Die wet verklaar dat die loon van die sondaar die dood is (Rom. 6:23). Indien 'n sondaar sterf dan het die straf volgens die vereistes van die wet plaasgevind. Omrede ons almal skuldig staan onder die wet, verdien ons almal die dood en het Torah die wet van sonde en dood vir ons geword (Rom.8:2) en derhalwe 'n vloek (Rom. 3:13). Aangesien Yeshua dit waaraan ons skuldig is, en wat die dood verdien, op Hom geneem het en in ons plek gesterf het, is ons nou vry van die vloek van die wet. Nou het Torah vir ons vergifnis en lewe geword, want ons is nie meer onderworpe aan die dood wat die wet vereis nie. Nee, ons is nou onder die genade van vergifnis wanneer ons faal in ons pogings om aan Torah gehoorsaam te wees.
8. Nou dat die vloek van die wet opgehef is deur die kruisdood van Yeshua en deur ons geloof in hierdie genade, kan ons die seëninge van Abraham deelagtig wees, asook die gawe van die Heilige Gees deur geloof ontvang (Gal. 3:14).

### **Die verbond met Abraham en die wet:**

1. In Gal. 3:15 tot 29 gee Paulus 'n verduideliking van die verbond met Abraham wat steeds geldig is en hoekom die wet bygevoeg is. Die wet wat 430 jaar later bygevoeg is, maak **nie** die verbond met Abraham kragteloos nie en dus ook nie die belofte nie (Gal. 3:15 en 17). Die belofte is Yeshua die Messias wat ons vrygemaak het van die vloek van die wet en is deel van die verbond met Abraham. Hierdie verbond is op geloof en nie op werke van die wet nie.
2. Ons erfenis is volgens die belofte aan Abraham en nie uit die wet nie (Gal. 3:18). Wat was dan die doel van die wet? Die wet is bygevoeg om die mens se probleem duidelik uit te wys en om sy behoefte te identifiseer. Wat is die probleem? Sonde! Die wet leer ons wat sonde is – dit definieer (omskrywe) sonde. Dit bring die besef dat geen mens volgens Torah in alles gehoorsaam kan wees nie. Almal staan dus skuldig en verdien die straf van die dood. Hierdie las bring die besef van die noodsaaklikheid van, en skep die behoefte vir bevryding van hierdie vloek. Dit is wat Torah die mens bied, naamlik die belofte van die Messias wat die eenmalige offer sal wees vir ons sonde van ongehoorsaamheid aan Torah. Yeshua is die lewende Torah (Joh. 1:1 tot 3 en 14). Hy is die belofte van die ou verbond en die vervulling van die belofte in die hernieude (nuwe)

verbond. Geloof in die vervulde belofte maak my vry van die vloek van die oordeel van die wet.

3. Die wet is dus nie teen die belofte nie (Gal. 3:21), want deur die wet kan niemand regverdig verklaar word nie. Geregtigheid is slegs moontlik deur geloof in die belofte. Voor die belofte vervul is, was die mens onder die wet in bewaring gehou en was dit ons tugmeester wat ons na Yeshua gelei het (Gal. 3:22 tot 24). Noudat die belofte vervul is (die geloof gekom het), is ons nie meer onder die tugmeester nie, maar staan ons direk onder Vader-God as Sy kinders wat met Yeshua bekleed is (Gal. 3:26 en 27).
4. Die wat deur geloof geregverdig is, is nou een in Yeshua ons Messias en is ook almal die nageslag van Abraham (Gal. 3:28 en 29). As nie-Jode ('gentiles') kan ons saam die Jode daarop roem dat ons, soos hulle, die nageslag van Abraham is. Gelowige Jood en nie-Jood is een in Yeshua. Daarom kan ons gesamentlik verklaar:

*Hoor Israel, YHVH ons Elohiem, YHVH is een.*

5. Torah leer ons dus wat ons probleem is en wat die gevolge van die probleem vir ons inhou. Wanneer ons dus die probleem en gevolge verstaan, kan ons die behoefte definieer en dan vir die regte oplossing soek. Indien ons 'n ander siening van ons probleem het as wat Torah beskryf, dan gaan ons met 'n ander oplossing te voorskyn kom. Tradisie leer 'n ander siening van die mens se probleem en bied daarom 'n ander oplossing en verklaring van sekere Skrifte.

### **Opsommend:**

1. Geloof in Yeshua Messias moet **altyd voorrang (prioriteit) bo Torah geniet**. Geloof is ons redding. Torah is ons seëninge en ons heiligmaking. Ons moet ons prioriteite regkry en verstaan watter rol Torah in die geloofslewe van die regverdige het.
2. Volgens die brief aan die Galasiërs is dit duidelik dat Paulus 'pro-Torah' was. Hy het nie Torah as uitgedien en van geen nut aan die gelowiges voorgehou nie. Nee, hy het die misleiding dat redding deur die werke van die wet, en wetsverering, verkry word aangespreek. Daarom skryf hy: *Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Messias; julle het van die genade verval.* (Gal. 5:4).

### **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. *There is no greater lie than a truth misunderstood* – William James. Hoe groter en belangriker die bepaalde waarheid (feit) is, hoe meer subtiel sal die leuen wees. Is dit nie wat gebeur ten opsigte van die waarheid oor Torah nie? Gelowiges word geleer dat hulle vry van die wet is en die



wysheid van mense word as argumente gebruik. Daarom beskou hulle hulself as vry van Torah. Hierdie argumente lyk op die oog af goed en dit pas in by die kultuur en lewenstyl van gelowiges. Daarom word dit selde bevraagteken.

2. Die bewering dat Messiaanse gelowiges die wet onderhou om daardeur geregtigheid te verkry is 'n leuen en spreek van die ernstige onkunde van diegene wat hierdie beskuldigings maak.

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*